# KOMMUNIKAMMA 13 SEPTEMBER

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
**Neem asb. kennis dat die kerkkantoor tye van Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 12:00 is.**
Ds. MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds. Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**

Om op hoogte te bly van gemeentenuus, nooi ons jou uit om by die WhatsApp groep van die gemeente aan te sluit. Slegs die Administrasie van die groep sal boodskappe kan laai. Neem asb. kennis dat, indien jy by die groep aansluit, ander persone op die groep, soos by enige ander WhatsApp groep, jou kontakbesonderhede sal kan sien. Indien jy by die groep aansluit, gee jy toestemming daartoe.
Kontak asb. vir Niekie indien julle enige navraag het.
Volg die skakel om aan te sluit by die WhatsApp groep
of skandeer die QR kode met jou foon
https://chat.whatsapp.com/F4wky8GcVp6I9T2ilwCvAu?mode=gi_t

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**

**Sondag 13 September**

**08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**

**10:00 – 12:00 KATEGESE GESINSUITREIK**

Ons gaan hierdie jaar by Aurora vir die 60 inwoners en personeellede pannekoek bak. Hierdie is 'n unieke uitreik na persone met gestremdhede. Ons kry mekaar Sondag, 13 September, om 10:00 by 52 Alan Drive, Walmer Downs. Daar bak pappa en mamma die pannekoek, terwyl boetie en sussie dit vir die inwoners bedien. Verder gaan ons, met lekker musiek en 'n paar speletjies, probeer om die dag vir hul spesiaal te maak. Die uitreik sal slegs tot 11:30 duur. Wat moet jy saambring? 'n Pannekoek pan, gasstoof en spaan (indien jy het). Die pannekoek bestanddele sal voorsien word. Enige gemeentelid is welkom.

**10:00 KLASSIEKE DIENS**

**18:00 LEEF@KERK**

Baie geluk aan Hannes le Roux en Pieter van Loggerenberg wat as kerkraadslede bevestig word.

**Skriflesing:** Matt 6:1-18; Kol 3:23
**Tema:** Ons leef vir 'n gehoor van een.

**Die bedienings dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Huis Louisa Meyburgh.**

**Maandag 14 September**

**12:45 GEBEDSKILD**

Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**

Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek 'n klererak waaraan klere in hul 2de handse winkel opgehang kan word.
Hulle benodig ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

**<u>Vrydag 18 September</u>**
**05:00 MANNEGROEP**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg (082 773 6205) vir meer besonderhede.

**<u>Sondag 20 September</u>**
**08:30 EIETYDSE DIENS, POPPEKAS EN KLEUTERKERK**
**09:30 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**18:00 LEEF@KERK**

**<u>GEMEENTE SPITBRAAI-ETE</u>**
Kraggakamma Gemeente hou op Sondag 20 September om 11:30 vir 12:00 ‘n Gemeente-ete. Kaartjies vir die ete is Sondae in die voorportaal beskikbaar en ook deur die week in die kerkkantoor.
Die ete sluit die volgende in: Lam, hoender, pampoentert, gegeurde rys, groente met witsous en potbrood, afgesluit met peppermint crisp tert met koffie en tee. Bring asb. jou eie eetgerei, glase en drinkgoed.
Koste: Volwassenes, 12 jaar en ouer – R 150.00
Kinders, 5 tot 11 jaar – R 85.00
Kinders onder 4jaar - Gratis

**<u>GEBEDSAKE:</u>**
- Seën op Gesinsuitreik vandag en Gemeente ete volgende Sondag.
- Johann Postma se herstel na ‘n operasie.
- Heelwat lidmate wat gesondheiduitdagings ervaar. Van hulle is Elaine Greyling, Sam en Judy Hattingh en Mariet Coetzee.
- Baie mense wat sukkel met oorgang-van-die-seisoen kwale.
- Matrieks, en almal, wat besig is met eksamen.
- Van ons jeug wat worstel, baie aanslae ervaar en soms verkeerde keuses met slegte gevolge maak. God se seën op gesinne.
- Seën op MTR Smit Kinderhuis en die groot werk wat hulle, baiekeer onder moeilike omstandighede, doen. Hulle ervaar op hierdie stadium ernstige tekorte en het nie genoeg geld om kos en kospakkies vir kinders wat September vakansie huis toe gaan te koop en salarisse te betaal nie.
- Almal geraak deur en almal betrokke by redding- en nood-verligting pogings by Nepal vloede.
- ‘n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Afrika en ander plekke, asook vir gelowige broers en susters in daardie lande.
- Die konflik in die Midde-Ooste. Bid vir langtermyn vrede.

**<u>THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK</u>**
Bid vir gelowiges in Libanon, dat God vir hulle blywende dapperheid sal gee om ten volle lief te hê, met opoffering te dien, en gelowig vas te staan te midde van ekonomiese en sosiale druk, insluitend geldeenheid-devaluasie, werkloosheid, en tekorte aan lewensnoodsaaklikhede. Bid dat gemeentes en Christen-NRO's voort sal gaan om bakens te wees van barmhartigheid, opvoeding en geestelike bystand in hulle gemeenskappe.

**<u>FEBA RADIO GEBEDSVERSOEK</u>**
FEBC saai al sedert 1951 na Thailand uit. Vandag is die land steeds 99.3% Boeddhisties en sommige provinsies, soos Udon Thani, is slegs 0.25% Christen. Ná ’n uitnodiging van ’n kerk in Udon Thani het FEBC saam met 17 gemeentes van drie denominasies begin werk vir eenheid – nie in naam nie, maar in missie – want eenheid is noodsaaklik vir effektiewe bediening. Bid vir FEBC Thailand se projek in Udon Thani en bid dat Christene oral as een liggaam sal werk om die evangelie te deel.

**<u>KATEGESE PROGRAM: KWARTAAL 3</u>**

| **Datum** | **Kraggakamma Gemeente Kategese 2026** |
|---|---|
| 13 Sept. | Familie uitreik 10:00 – 12:00 |
| 20 Sept. | Gesprek 09:30 |

**FAMILIE KAMP 2026 – INSKRYWINGS NOU OOP**

Hierdie jaar hou ons op 9-11 Oktober weer 'n familiekamp. Soos die vorige jare sal dit by Van Stadens Resort plaasvind. Oorweeg gerus om hierdie unieke geleentheid met jou gesin by te woon. Daar is 'n google drive form wat jy kan invul. Indien jy die naweek wil bywoon, maar nie jouself beskou as 'n kamper nie, bespreek gerus by Van Stadens Resort vir jou 'n huisie, en ontvang 'n 10% afslag vir die naweek. Vir meer inligting kontak gerus Yolandi van der Merwe (084 705 2714)

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**KERSMARK**

Die gemeente bied op 6 en 7 November 'n Kersmark in die kerksaal aan. Kosstalletjies is vir diensterreine beskikbaar as fondsinsameling. Kontak Marisa van Wyk (082 493 6258) of die kerkkantoor vir meer inligting.

**OM GOD SE STEM TE HOOR**

Hoogland Gemeente nooi almal uit om tyd saam die Koning te spandeer. Die seminaar vind op 19 September van 09:00 tot 15:00 by Hoogland Gemeente plaas en die gassprekers is Stephan en Betsie Joubert.
Die koste is R 120.00 per persoon en sluit verversings en middagete in. Kontak Annalize (079 815 9325) of Hoogland Gemeente se kerkkantoor (041 367 1485) vir meer inligting of om 'n kaartjie te koop

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 13 September | Alet Bosch, Nicky Esterhuyse, Karli Greyling, Malan Meiring en Martie Myburgh |
| 14 September | Wayne Delport, Yvette Erasmus en Sebastian van Zyl |
| 15 September | Anru Botha, Penelope Greyling, Wynand Grobler, Mieke Moolman, Willem Potgieter, Hano van Rooyen, Wian van Rooyen en Chrishke van Zyl |
| 16 September | Maryke Friend, Jenna le Roux, Donovan Shawinsky, Johan van der Merwe en Janco van den Berg |
| 17 September | Heinrich Albertyn, Nicolene Botha, Zander Botha, Jaco Kotze, Lise Minnie Christine Renkin, Etienne Stassen en Elsa van der Merwe |
| 18 September | Amoret Basson, Robert Cronjé, Yvonne Fenwick, Linda Heath, Belinda Krause, Laurie Marx, Nicole Meyer, Alexander Meyer, Nicky Naudé, Benjonita Shaw en Luna van Heerden |
| 19 September | Judy Hattingh, Margita Marx, Maryke Smit, Carli Theron, Karla van Rooyen en JJ van der Watt |

**Ons wens Laurie Marx geluk met sy 94ste verjaarsdag op Vrydag 18 September en Judy Hattingh met haar 93ste verjaarsdag op Saterdag 19 September**

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091,
Takkode 632005
**Hierdie besonderhede is ook op 'n visitekaartjie in die voorportaal beskikbaar. Neem asb. vir jou 'n kaartjie.**

SnapScan